

# Van vlugteling tot straatverkoper en dokter

**MICHELLE VAN DER SPUY en  
JAN GERBER**  
Stellenbosch

'n Man van Kameroen wat as vlugteling in Suid-Afrika aangekom het en toe as straatverkoper gewerk het, het gister sy doktorsgraad in mediese biochemie verwerf.

Dr. Novel Chegou (30) se broer het dit vir hom moontlik gemaak om in 2004 na Suid-Afrika te kom.

“Die politieke situasie (in Kameroen) is glad nie goed nie,” het hy gister buite die D.F. Malan-gedenksentrum in Stellenbosch gesê – en bygevoeg dat hy baie mense sou moes omkoop om toelating tot 'n mediese skool in Kameroen te kry.

Met 'n graad van die Kameroense Universiteit van Buea agter die blad, het Chegou vir 'n jaar lank saam met sy broer Afrika-kunswerke in Birdstraat, Stellenbosch, verkoop nadat hy in Suid-Afrika aangekom het. Hy wou egter



**Dr. Novel Chegou, wat gister sy PhD-graad aan die Universiteit Stellenbosch verwerf het, vier sy prestasie saam met prof. Russel Botman, US-rektor. Foto: LEÁNNE STANDER**

steeds verder studeer.

Omdat hy 'n vlugteling was, kon hy nie 'n beurs bekom nie.

Chegou kon ook nie op sy ouers steun vir finansiële hulp nie. Sy ma is dood toe hy baie jonk was en sy pa toe hy 14 jaar oud was.

En so, met die geld wat hy as straatverkoper verdien het, het hy sy honneursgraad gefinansier.

Nadat hy in 2005 as die beste honneursstudent in sy studiegebied in die land aangewys is, het geld vir sy verdere studies meer geredelik begin instroom.

Chegou het in Maart vanjaar 'n permanente verblyfpermit ontvang omdat hy 'n buitengewone vaardigheid het danksy sy studies.

Sy studieleier, prof. Gerhard Walzl, het trots vertel dat Chegou al praatjies by verskeie konferensies oor sy onderwerp – diagnostiese toetse vir tuberkulose – gelewer het en sy werk al vyf keer gepubliseer is.

“Dit is 'n storie oor hoop. Dit wys water geleenthede daar is vir iemand wat bereid is om te werk.”

Volgende jaar gaan Chegou verder aan die US saam met Walzl werk. Maar eendag hoop hy om sy eie maatskappy te hê, genaamd Novel Diagnostics.